WILLENUUS

WILLEBEER AFRIGTING

Mei 2017

Welkom 1

Die skool seisoen 1

WELKOM

Welkom weer by ‘n volgende nuusbrief van Willebeer Afrigting. Die winter is hier en ons is alreeds besig met die Willewinters program. In hierdie nuusbrief gee ek terugvoer oor die gewese seisoen, ek bespreek wat tans aan die gebeur is by die klub en raak aan wat vir ons voorlê. Ek bespreek ook die fooi struktuur met die hoop om ‘n paar mense se vrae te beantwoord.

Soos altyd, dankie vir julle toewyding en blywende ondersteuning in die klub.

DIE SKOOL SEISOEN

Hierdie afgelope seisoen was ‘n besonderse één. Dit is ook so dat daar hartseer was en sommige van die Beertjies nie die kans gekry het om te presteer nie. Ongelukkig is dit deel van die lewe. Die mooi van atletiek en ander sport is dat dit ons leer om weer te probeer en ons altyd nog ‘n kans gee.

Ek het op ‘n vorige geleentheid geskrywe dat ek graag dubbeld soveel beertjies na hierdie jaar se Gauteng Skole Kampioenskappe toe wil stuur as in 2016. Verlede jaar was daar drie beertjies (Zander, Megan en Karise) wat saam met twee goud, ‘n silwer en brons weggestap het. Hierdie jaar was daar 5 beertjies (Cassidy, Shawné, Megan, Nieka en Cathy – 4 Monnies en 1 Oosie). **Tussen hulle het hulle drie goud en twee silwer medaljes verower.**

Cassidy het ook die geleentheid gekry om Gauteng te verteenwoordig by S.A Skole Kampioenskappe te Potchefstroom en daar 4de in die 200m en 7de in die 100m gekom. Sy het ook as lid van die Gauteng se 4 x 100m aflos span **‘n Brons medalje verower** – die eerste SA vlak medalje in die Klub se bestaan.

Zander Roestorff het ook die geleentheid gehad om Tweekamp Gauteng Noord te verteenwoordig by die S.A Kampioenskappe wat gehou was in die Paarl. Zander het ‘n fantastiese 800m gehardloop met ‘n nuwe beste en tweede ge-eindig. Na die swem item het Zander ‘n 5de plek algeheel behaal

WILLENUUS

WILLEBEER AFRIGTING

Daar was ook 7 Beertjies wat aan die Distrik kampioenskappe deelgeneem het (Cassidy, Shawné, Mia, Megan, Nieka, Cathy, Bianca en Roux). Hulle het saam **drie goud, 5 Silwer en 3 brons medaljes** verower. Ook ‘n rekord vir Willebeer Atletiek Klub.

Daar het ook baie beertjies aan die Cluster Kampioenskappe deelgeneem wat net voor Distrik plaasvind. Party het die geleentheid om verder te vorder net-net gemis met ‘n 3de plek. Dit was nogmaals ‘n baie lekker dag vol seën en vreugde.

Dankie vir elkeen se bydrae in hierdie seisoen, vir elke persoonlike beste, vir elke atleet se toewyding, vir elke mamma en pappa wat rondgery het, vir verskeie pasta-aande voor die groot byeenkomste.

Elke Willebeertjie is vir my kosbaar en julle maak hierdie Klub wat dit is.

SEËNGROETE, COACH WILLEBEER